NG WAVERLEY

25 OKTOBER 2009

FILIPPENSE 1:27-2:11

VOLKOME EENSGESINDHEID

In die somer van 1986

In die somer van 1986 het twee skepe in die Swart see naby die Russiese kus teen mekaar gebots. Albei skepe het gesink en honderde mense het in die ysige water beland en verdrink. Die nuus wat met die ramp gepaard gegaan het was amper meer tragies as die gebeure self. Die oorsaak van die ramp was nie ‘n tegniese probleem, soos ‘n radar wat nie reg gewerk het, of iets soos digte mis nie, maar menslike hardkoppigheid. Albei die kapteins van die twee skepe was bewus van die ander skip en albei die kapteins kon die botsing voorkom het, maar volgens nuusberigte, was nie een van die kapteins bereid om toe te gee aan die ander nie. Toe hulle wel tot hulle sinne kom en besef dat die ongeluk gaan gebeur, was dit reeds te laat om die botsing te vermy. Waarskynlik was dit gedagtes soos: “Ek is ‘n belangriker kaptein as jy en daarom moet jy vir my uitdraai” wat die botsing en ‘n reuse ramp veroorsaak het. Hoe dit ookal sy, elkeen van hulle was te trots om eerste toe te gee.

Die brief aan die Filippense

Paulus en Silas was die stigters van die gemeente in Filippi en terwyl hulle daarmee besig was, is hulle gevange geneem. Nadat hulle erg verniel is, moes hulle ‘n nag lank in die tronk slaap. (Handelinge 16:16-40) Wanneer Paulus hierdie brief skryf is hy iewers in ‘n Romeinse tronk en wag hy om voor die keiser self te verskyn. (1:12-14)

Die probleem in Philippi

Wanneer Paulus hierdie brief skryf is hy baie bekommerd oor wat in die gemeente gebeur. In Filippi was daar teenstanders wat die lewe vir die gelowiges baie moeilik gemaak het, en daarmee saam ook die eenheid in die gemeente bedreig het. (1:27) Die doel van die brief is om die gelowiges in die gemeente in Filippi , wat vir Paulus baie kosbaar was, raad te gee oor hoe hulle die eenheid binne die gemeente moet hanteer. Die teenstanders in Filippi het die geloof in die evangelie bedreig, en dit was baie belangrik dat die gelowiges saamstry vir die evangelie.

Paulus het gehoop dat hy eendag weer by die gemeente sou uitkom en dat hy, wanneer hy daar kom, sou vind dat hulle ***“in volkome eensgesindheid saamstry vir die geloof in die evangelie.”*** (Fil. 1:27) Hierdie eensgesindheid was vir Paulus so belangrik dat hy skryf: ***“... maak dan nou my blydskap volkome deur eensgesind te wees: een in liefde, een van hart, een in strewe.”*** (Fil. 1:2)

Eenheid en eensgesindheid in ‘n gemeente gaan nie net oor die eenheid of oor die eensgesindheid nie, die probleem is dat ‘n gebrek aan eenheid tot gevolg het dat ons so op mekaar fokus, dat ons die stryd in die wêreld verloor, en dat ons in ons eintlike taak misluk.

Maar dit is nie so maklik om eensgesindheid te bewerk nie. Die groot vraag is: Hoe kry ‘n mens dit reg? Wat doen gelowiges om te verseker dat hulle eensgesind saamstry vir die geloof in die evangelie? Hoe kry ‘n mens dit reg om ‘n gesamentlike front teen die teenstanders te vorm?

Eenheid in die kerk is vandag nog steeds ‘n probleem en almal van ons weet dit. Dit beteken nie dat elke gemeente die hele tyd op die randjie van ‘n skeuring staan nie, maar dit beteken wel dat elke gemeente die eensgesindheid in die gemeente moet bewaar. Om dit te kan doen, het elke gelowige in die gemeente ‘n verantwoordelikheid.

Paulus se antwoord is: ***“Moet niks uit selfsug of eersug doen nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself.”*** (Fil. 2:3)

Eers skryf Paulus oor die dinge wat eensgesindheid in die gemeente teenwerk : selfsug en eersug. Teenoor selfsug en eersug is dit nederigheid wat eensgesindheid in die gemeente bewaar en bevorder.

Ons ken die woord “selfsugtig.” dit is wanneer iemand niemand anders enige iets gun nie, alles gaan net oor homself. Die woordjie “self” sê dit alles.

Terwyl “self” verduidelik waaroor selfsug gaan, verduidelik “eer” weer waaroor “eersug” gaan.

Wanneer iemand eer ontvang of vereer word, dan kry hy/sy erkenning vir sy/haar prestasies. Eersug beteken dat ek op soek is na erkenning en eer, hoe meer hoe beter en ongeag hoe dit die mense om my raak.

As ‘n mens die twee gedagtes bymekaar gooi, dan kan ons dit selfsugtige ambisie noem. My drome; my ideale; my mening; my voorkeure.

In plaas van selfsug of eersug, ***“in nederigheid moet een die ander een hoër ag as homself Julle moenie net elkeen aan sy eie belange dink nie, maar ook aan die van ander.”*** (Fil 2:3)

Om die ander een hoër te ag as myself is nie om te sê: “Jy is reg en ek is verkeerd nie.”, dit beteken wel dat ek sê: “Dit gaan nie oor dit wat vir my belangrik is nie, dit gaan oor die groter saak waarmee ons besig is”.

Wanneer ek iemand anders se belange hoër ag as my eie, sê ek: “Ons stuur hier af op ‘n botsing, ek sal van koers verander sodat die botsing nie plaasvind nie.”

Om die ander een se belange hoër te ag as jou eie beteken ook nie om te sê die ander een is beter as ek nie, dit beteken net om te sê: “Die saak is groter as ek, en daarom is jou belange beter as myne.”

Om die ander een hoër te ag as jouself beteken ook nie om te sê “jy is belangriker as ek” nie. Dit is om te sê die saak waarvoor ek en jy saamstry is groter as ek.

Om die ander een hoër te ag as jouself beteken ook nie dat jy ‘n vloerlap is nie. Inteendeel, daar is geleenthede wat jy nie sal terugstaan nie, omdat die saak skade sal ly indien jy terugstaan.

In dieselfde boek vind Paulus dit nodig om twee gelowiges aan te spreek omdat die saak groter was as die stryd. In Filippense 4:2 skryf hy: ***“Ek vermaan vir Euodia en ek vermaan vir Sintige om eensgesind te wees in die Here.”***

Jesus het soms “nee” gesê. Jesus het dikwels die Fariseërs aangespreek omdat hulle nie die belange van die koninkryk gedien het nie. Jesus het sy eie dissipels aangespreek as hulle optrede nie die saak van die koninkryk gedien het nie.

Nederigheid is ‘n leefstyl, ‘n gesindheid. Dit is ‘n leefstyl waarvoor ek kies en soos enige ander een van die vrug van die Gees, nooit ophou om daaraan te werk en daarin te groei nie. In nederigheid as ‘n leefstyl, is daar altyd ‘n element van selfkruisiging, prysgawe, selfs offer.

Moenie ‘n klop op die skouer verwag wanneer jy nederig reageer nie, die kanse is goed dat niemand dit eers sal raaksien nie. Dan word dit in elk geval eersug.

Moet ook nie verwag dat dit wat jy nou in nederigheid prysgee op ‘n stadium weer vir jou teruggegee gaan word nie. Moenie dink dat die Here in reaksie op jou nederigheid iets gaan laat gebeur om jou vir jou nederigheid te beloon nie. As jy nederig is vir dit wat jy daaruit gaan kry, is dit selfsug, alles draai tog maar net om jouself. Jy kan nie die Here se arm draai met nederigheid nie. Opregte nederigheid staan reserweloos terug uit respek vir die groter saak.

Terwyl selfsugtige ambisie eie belang soek ten koste van ander, soek nederigheid ander se belang selfs ten koste van myself.

‘n Beeld waarmee ‘n mens eensgesindheid in ‘n gemeente kan beskryf, is die woord harmonie. Een vals instrument maak ‘n hele orkes vals.

Die ander woord is om in pas te wees. As een soldaat uit pas uit is, is ‘n hele afdeling uit pas uit.

‘n Gemeente wat in harmonie is of in pas marsjeer, is ‘n gemeente wat gereed en paraat is om die aanslae van buite teen te staan en saam te stry vir die geloof.

In die Bybelstudiegroep wat elke Woensdag bymekaar kom, het die dames hierdie week oor 2 Timoteus 2:14-19 gepraat. Die grootste gedeelte van die gesprek het oor vers 14 gegaan: ***“Hou aan om die gelowiges aan hierdie dinge te herinner en vermaan hulle ernstig voor God om op te hou stry oor woorde. Dit het geen nut nie en is net skadelik vir die hoorders.”*** (2 Timoteus 2:14)

Hulle het gepraat oor die manier waarop Christene in die pers met mekaar verskil en hoe dit mense verwar. Op ‘n stadium het ons ook op die punt gekom waar ons praat oor die dinge waaroor gelowiges so van mekaar verskil, dat hulle soms kwaad word vir mekaar. Op die ou end het ons daar vir mekaar gesê dat ons elke keer hierdie vraag moet vra: “Is hierdie saak, hierdie standpunt, hierdie mening, hierdie gevoel ‘n geveg werd? Is dit vir my so belangrik dat ek nodig het om hierby te staan?”

JESUS DIE VOLMAAKTE VOORBEELD VAN NEDERIGHEID

Hou in gedagte waaroor dit hier gaan:

Paulus is bekommerd dat die teenstand wat die gelowiges in Fillipi beleef die eensgesindheid in die gemeente so gaan versteur dat hulle nie meer in volkome eensgesindheid saamstry vir die geloof in die evangelie nie. Hulle moenie oor die geloof in die evangelie stry nie, hulle moet vir die geloof in evangelie stry. Die oplossing vir die probleem is nederigheid.

Paulus sê dan dat nederigheid beteken om nie net aan jou eie belange te dink nie, maar ook aan die van ander.

Nadat Paulus gesê het wat nederigheid nie is nie en wat nederigheid wel is, gebruik hy nou 'n voorbeeld om hulle te help om nederigheid te verstaan. Die voorbeeld is die volmaakte voorbeeld : Jesus Christus self.

Filippense 2:5 is een van die meer bekende verse in die Bybel. ***"Dieselfde gesindheid moet in julle wees wat daar ook in Christus Jesus was."*** (Fil. 2:5) en daarop volg 'n wonderlike loflied oor Jesus. Die manier om eensgesindheid te verseker is nederigheid en as julle dieselfde gesindheid as Jesus het, sal eensgesindheid nie 'n probleem wees nie. Fil. 2: 5-11 moet saam met Fil. 1:27-2:4 gelees word.

Nederigheid is om nie net aan my eie belange te dink nie, maar ook aan die van ander. Dit is presies wat Jesus gedoen het. Aan watter "eie belange" het Jesus nie gedink nie?

Jesus het nie daaraan gedink dat Hy die Seun van God is nie.

"Hy wat in die gestalte van God was, het sy eie bestaan op Godgelyke wyse nie beskou as iets waaraan Hy Hom moes vasklem nie..." (Fil.2:5-6)

Jesus het nooit opgehou om die Seun van die Vader te wees nie. Jesus het nooit vergeet dat Hy die Seun van die Vader was nie. Jesus het die bestaan wat Hy as die Seun van die Vader gehad het, prysgegee. Om daaraan vas te klem, sou beteken dat Hy sê: "Ek is die Seun van die Vader, mense se sonde en oordeel is nie My probleem nie."

Satan se gesindheid is presies die teenoorgestelde as die van Jesus.

Satan is 'n engel wat deur God geskep is en as skepping van God, was daar geen kans dat hy ooit soos God sou kon wees nie, maar Satan was nie daarmee tevrede nie. Satan wou ten alle koste aan God gelyk wees.

Ek dink aan die kinderverhaal van Pinnochio. Pinnochio was 'n skepping van Gepetto. Nadat Gepetto 'n houtmannetjie gemaak het, het die houtmannetjie skielik begin lewe, en die naam Pinnochio gekry. Die houtmannetjie kon baie dinge doen, maar hy kon nooit soos Gepetto, die een wat hom gemaak het, wees nie. Hy sou altyd minder wees as Gepetto.

Satan sou baie dinge kon wees, maar hy sou nooit kon wees wat sy Skepper is nie, en daarteen het Satan in opstand gekom. Satan was nie bereid om sy mening hieroor prys te gee nie, met die gevolg dat hy saam met 'n groot groep ander engele uit die hemel geskop is. Satan se opstandigheid en sy selfsugtige ambisie het ook sy val beteken, maar hy het nooit sy gesindheid en opstandigheid laat vaar nie. Hy het krampagtig aan sy mening en sy standpunt en sy oortuiging bly vasklou.

In Genesis 3 sit Satan sy bose werk voort wanneer hy vir die mens sê: ***"Julle sal beslis nie sterf nie, maar God weet dat julle oë sal oopgaan die dag as julle van daardie boom eet en dan sal julle soos God wees deurdat julle alles kan ken."*** (Genesis 3:4)

Satan plant die saad van sy eie opstand en rebellie in die hart van die mens. Adam en Eva swig voor Satan en daardie gebeure staan bekend as die sondeval. Die gevolg van die sondeval is dat elkeen

van ons vandag met ‘n sondige natuur opgeskeep sit. Romeine 7:21 beskryf die sondige natuur die beste: ***“... ek wil die goeie doen, maar al wat ek doen is die slegte.”*** (Rom. 7:21)

Selfs wanneer Jesus op die toneel verskyn, sit Satan sy werk voort en probeer hy Jesus ook verlei. In die woestyn probeer die Satan drie keer om Jesus so ver te kry om sy eie belange te bevorder, wanneer hy drie keer vir Jesus sê: ***“As U die Seun van God is...”*** (Matteus 4:1-11) As U die Seun van God is en as U dan self God is, dan kan U mos sonder die Vader doen wat U wil doen, U hoef nie aan die Vader onderdanig te wees nie. Jesus se antwoord was: ***“Gaan weg Satan, want daar staan geskrywe: Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien.”*** (Matteus 4:10)

Jesus se gesindheid is presies die teenoorgestelde van Satan s’n. Jesus kies om aan die Vader onderdanig en gehoorsaam te wees. Weer en weer sê Jesus in sy lewe op aarde dat Hy niks sonder die Vader kan doen nie.

Die feit dat Hy die Seun van God was, was nie iets waaraan Jesus moes vasklou nie. Inteendeel, Hy skuif wie Hy is en alles wat Hy is eenkant toe vir ‘n saak groter as Hyself. Jesus het nooit opgehou om God te wees nie, maar Hy het op geen manier aanspraak gemaak of aangedring op enige spesiale behandeling omdat Hy die Seun van God is nie. In nederigheid het Hy mens geword, maar sy nederigheid het nooit gemaak dat Hy opgehou het om God te wees nie.

Jesus het so baie gehad waarop Hy kon roem, waarop Hy trots kon wees; waarop Hy kon terugval en sê: Weet jy wie is ek? Weet jy wat ek al bereik het? Weet jy wat kan ek? Weet jy waar kom ek vandaan? Maar Hy het nie. ***”Hy wat in die gestalte van God was, het sy bestaan op Godgelyke wyse nie beskou as iets waaraan Hy moes vasklem nie, maar Hy het Homself verneder deur die gestalte van ‘n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word.”*** (2:6-7)

So het die proses van Jesus se selfvernedering verloop:

1. **Hy gee sy lewe by die Vader prys.**
   Ek probeer my indink hoe Jesus se lewe by die Vader was, maar ek kan nie. Ek weet Jesus is van altyd af God en Hy sal vir altyd God wees. Ek weet Jesus was saam met die Vader en saam met die Heilige Gees betrokke by die skepping. Ek weet dat die Vader nie belangriker is as Jesus nie en dat Jesus ook nie belangriker is as die Vader nie.

   Wanneer Jesus mens word, dan gee Hy sy geluk-wees aan die Vader prys, Hy word ‘n mens wat die Vader moet gehoorsaam. Wanneer Jesus sy lewe by die Vader prysgee, dan waag Hy. Hy word ‘n mens soos ek en jy. Hy weet wat wag. Hy weet dat Hy gaan sterf, Hy weet ook dat Hy as sondelose mens moet sterf om die sondeskuld van die mense te dra. Hy waag, want daar was altyd die kans dat Hy nie daarin sal slaag om sondeloos te lewe nie. Hy waag om as mens nie kans te sien om die pad van lyding end uit te loop nie. Hy waag dit om op te hou om God te wees, want as Hy sou toegee aan sonde sou Hy ophou om God te wees. Hy sou moes gehoorsaam tot aan die einde, ja selfs tot aan die dood aan die kruis.

2. **Hy word dienskneg vir ander.**
   Wanneer Johannes op die eiland Patmos ‘n kans kry om by die hemel in te loer, beskryf hy ‘n toneel waar die Seun van die mens, Jesus Christus deur elke lewende wese aanbid word. Waar elke moontlike wese gereed staan om Hom te gehoorsaam. Maar, wanneer Hy mens

word, word hy deel van ‘n arm gesin waar nie Hy of sy gesin enige aandag trek nie. Sy leefstyl is dat Hy nie gekom het om gedien te word nie, maar om te dien. (Mk. 10:45)

3. **Jesus leef as mens tussen mense, sondige mense.**
   Hy leef tussen mense, wat juis nie daarin kon slaag om hulle eie belange eerste te stel nie. Byvoorbeeld, wanneer Hy met sy dissipels praat oor sy dood wat naby is, stry hulle met mekaar oor die voordele wat elkeen gaan kry as Hy nie meer daar is nie.

4. **Hy sterf die dood van ‘n misdadiger.**
   In gehoorsaamheid aan die Vader word Hy gekruisig, want die saak van die koninkryk was groter as sy eie belang. Jesus verander van koers sodat die groot ramp van die ewige oordeel nie die sal tref wat in Hom glo nie.

Met sy dood aan die kruis koop Jesus God se eiendom terug. Mense word God se kinders soos God bedoel het dit moet wees.

Hier is die volmaakte voorbeeld van eenheid en eensgesindheid. Jesus plaas al sy belange op die agtergrond.

Wat was die eindresultaat van Jesus se selfvernedering?

God word aanbid.

‘n Nuwe begin – die kerk word gevestig.

Mense word verlos.

Jesus se selfvernedering as voorbeeld van nederigheid behoort ook vir ons te wys wat die eindresultaat van ons eensgesindheid en nederigheid behoort te wees. Ons kan altyd vir ona self vra:

Gaan dit oor die eer van God?

Bevorder dit die saak van die kerk en die koninkryk?

Dra dit by tot mense wat Jesus as Here en Verlosser leer ken?

Die gevolg van Jesus se nederigheid en dat Hy nie net aan Homself en aan sy eie belange gedink het nie, was...

“ Daarom het God Hom ook tot die hoogste eer verhef en aan Hom die Naam gegee wat bo elke naam is, sodat in die Naam van Jesus elkeen wat in die hemel is en op die aarde is, die knie sou buig, en elke tong sou erken: Jesus Christus is die Here.” (Fil. 2:9-11)

En dan staan daar in vers 11b ***“tot eer van die God die Vader.”***

As ons nederigheid wil verstaan, dan moet ons hierdie vraag antwoord: Wie het nou eintlik gebaat?

Ek het oor en oor in hierdie week die antwoord op hierdie vraag probeer kry?

Eers was die laaste sinnetjie die deurslag, Jesus se selfvernedering was tot eer van God die Vader, maar dan sou ek weer lees dat God aan Hom die Naam bo elke naam gegee het en dat elke knie voor Hom sal buig, maar tog gebeur dit alles tot eer van God die Vader.

Vanoggend weet ek nog steeds nie wie nou eintlik deur Jesus se selfvernedering gebaat het nie. Al wat ek weet is dat God in Homself die volmaakte prentjie van eenheid is en dat daar tussen die Vader en die Seun volmaakte eensgesindheid is en dat beide God die Vader en God die Seun in nederigheid bereid is om die ander een se belange hoër te ag as sy eie ter wille van die ander en ter wille van die koninkryk van God.

"Dieselfde gesindheid moet in julle wees wat daar ook in Christus Jesus was." (Fil. 2:5)